LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-11-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 40 VIR 2018

1 **ATLETIEK:**

- Oefentye vir November en Desember 2018 (tot die skool sluit):
  * Kort afstande, verspring, hoogspring, gewigstoot en hekkies oefen Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 13:15 tot 14:15 op Hoër Volkskool se velde.
  * Langafstande oefen Maandae tot Donderdae 16:00 tot 17:00 ook op Hoër Volkskool se velde.
- Afrigters:

Kort afstande	- Mnr. Stiaan v/d Hyde
Verspring en Hekkies	- Mnr. Louwtjie Dalhouzie
Hoogspring	- Oom Henning Snyman
Gewigstoot	- Oom Slappies du Plessis
Langafstande	- Tannie Elmien Coetzee

2 SKAAK:

Op 23 November 2018 om 14:00 is daar by Hoër Volkskool se koshuis studiesaal 'n skaak-kuier vir al die laerskoolspelers. Indien enige speler belangstel, moet hulle voor Vrydag, 16 November hul name vir Juf. Ronelle Terblanche gaan opgee.

3 TOUTREK:

Oefening is vir alle belangstellendes, op Dinsdae vanaf 15:00 tot 16:00 op die rugbyveld.

4 VOLKIE VERE:

- Net 'n vriendelike kennisgewing: Volkie Vere se pryse gaan vanaf 1 Januarie 2019 styg met 10%.
- Die winkel sal oop wees tot 14 Desember 2018 net tot 13:00.
- Volkie Vere heropen weer op Saterdag, 5 Januarie 2019 vanaf 08:00 tot 13:00.

5 FORMELE ASSESSERING:

- Die skool verdaag vanaf Maandag, 12 November tot 11 Desember 2018 om 13:00 a.g.v. die eksamen.
- Leerders is skoolpligtig tot 13:00 elke dag.
- Personeel maak gebruik van tyd om vraestelle te bespreek en deur te werk.
- Punte word ook gekontroleer in die klasse.

6 VOLKIE NUUSBULLETIN:

Stuur asb. u kind se buitemuurse sportprestasies voor of op 23 November na helenebotha@laervolkskool.co.za en indien u belangstel vir 'n advertensie, kontak haar by 0163416216/0832852481.

7 JAARBLAD EN HUISWERKBOEKIE:

- Die Huiswerkboekies vir 2019 beloop R25 per boekie en sal te koop wees vanaf die dag wat die skool begin in 2019 by die registeronderwysers.
- Die Jaarblad beloop R170 per boek en kan ook in die registerklasse bestel en betaal word voor of op 23 November 2018.

8 AGTERSTALLIGE SKOOLGELDE:

Alle agterstallige skoolgelde moet asb. so spoedig moontlik op betaal word. Indien u nog agterstallig is teen 30 November, sal u rekening oorhandig word vir invordering.

9 D7 HOKKIE:

Baie geluk aan die volgende spelers wat gekies is vir die D7 Hokkie van 2019:
Meyer Theron, Pieter Human, Danielle de Villiers, Pierre Cronje, Huib Sprong, Johmar Labuschagne en Ruben Venter (reserwe).

10 BEKRONINGSAANDE - TROFEë:

Alle leerders wat trofeë ontvang het, moet dit so gou as moontlik by Interjewel inhandig om te grafeer en betaal. Die skool sal dit dan daar gaan afhaal. Ons vra dat julle dit voor volgende Vrydag gaan inhandig.

11 RUGBY 0/8:

Die rugby vir 0/8 seuns gaan oefen op Maandae tot Donderdae vanaf 13:15 tot 14:15. A.g.v. 'n vergadering op Maandag, 12 November begin ons dan wel op Dinsdag, 13 November. Atlete word verskoon by oefeninge.

12 MASINCEDANE KALENDER VIR 2019:

Masincedane verkoop hulle unieke self ontwerpte kalenders vir 2019 @ R80. Bestellings kan geplaas word by Mev Christine Kruger 0834683358. Hierdie is 'n baie praktiese kersgeskenk.

13 KLIPKERK:

Rina Hugo en Johan van Rensburg tree Vrydag, 16 November om 11:00 op by die Klipkerk. Toegang is gratis met 'n vrywillige donasie vir die Seemansorganisasie. Kontak gerus vir Riana Hendriksz by 0163412483.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF